b) **Following withdrawal of adjunct therapy with enzyme inducers e.g. carbamazepine, depending on original maintenance dose:** The dose of LAMICTIN should be gradually reduced over 3 weeks as the enzyme inducer is withdrawn.

c) **Following withdrawal of adjunct therapy with other psychotropic or anti-epileptic drugs with no known pharmacokinetic interaction with lamotrigine e.g. lithium, bupropion:** The target dose achieved in the dose escalation programme should be maintained throughout withdrawal of the other medication.

Adjustment of LAMICTIN daily dosing in patients with BIPOLAR DISORDER following addition of other medications:

There is no clinical experience in adjusting the LAMICTIN daily dose following the addition of other medications. However, based on drug interaction studies, the following recommendations can be made (see below):

Adjustment of LAMICTIN daily dosing in patients with BIPOLAR DISORDER following the addition of other medications:

<table>
<tr><th colspan="2">Treatment Regimen</th><th>Current lamotrigine stabilisation dose (mg/day)</th><th>Week 1</th><th>Week 2</th><th>Week 3 onwards</th></tr>
<tr><td rowspan="3">a)</td><td rowspan="3">Addition of enzyme inhibitors e.g. valproate, depending on original dose of LAMICTIN</td><td>200 mg</td><td>100 mg</td><td colspan="2">Maintain this dose (100 mg/day)</td></tr>
<tr><td>300 mg</td><td>150 mg</td><td colspan="2">Maintain this dose (150 mg/day)</td></tr>
<tr><td>400 mg</td><td>200 mg</td><td colspan="2">Maintain this dose (200 mg/day)</td></tr>
<tr><td rowspan="3">b)</td><td rowspan="3">Addition of enzyme inducers e.g. carbamazepine in patients NOT taking valproate and depending on original dose of LAMICTIN</td><td>200 mg</td><td>200 mg</td><td>300 mg</td><td>400 mg</td></tr>
<tr><td>150 mg</td><td>150 mg</td><td>225 mg</td><td>300 mg</td></tr>
<tr><td>100 mg</td><td>100 mg</td><td>150 mg</td><td>200 mg</td></tr>
<tr><td>c)</td><td>Addition of other psychotropic or AED drugs with no known clinical pharmacokinetic interaction with lamotrigine e.g. lithium, bupropion</td><td colspan="4">Maintain target dose achieved in dose escalation (200 mg/day)
(range 100-400 mg)</td></tr>
<tr><td colspan="6">NOTE: In patients taking AEDs where the pharmacokinetic interaction with LAMICTIN is currently not known, the dose escalation as recommended for LAMICTIN with concurrent valproate, should be used.</td></tr>
</table>

Discontinuation of LAMICTIN in patients with bipolar disorder: In clinical trials, there was no increase in the incidence, severity or type of adverse experiences following abrupt termination of LAMICTIN versus placebo. Therefore, patients may terminate LAMICTIN without a step-wise reduction of dose.

Children (less than 18 years of age): Safety and efficacy of LAMICTIN in bipolar disorder has not been evaluated in this age group. Therefore, a dosage recommendation cannot be made.

General Dosing recommendations for LAMICTIN in Special Patient Populations:

Women taking hormonal contraceptives:

(a) ***Starting LAMICTIN in patients already taking hormonal contraceptives:*** Although an oral contraceptive has been shown to increase the clearance of lamotrigine (see WARNINGS AND SPECIAL PRECAUTIONS and INTERACTIONS), no adjustments to the recommended dose escalation guidelines for LAMICTIN should be necessary solely based on the use of hormonal contraceptives. Dose escalation should follow the recommended guidelines based on whether LAMICTIN is added to an inhibitor of lamotrigine glucuronidation e.g. valproate; whether LAMICTIN is added to an inducer of lamotrigine glucuronidation e.g. carbamazepine, phenytoin, phenobarbital, primidone or rifampin; or whether LAMICTIN is added in the absence of valproate, carbamazepine, phenytoin, phenobarbital, primidone or rifampicin (see Table 1).

(b) ***Starting hormonal contraceptives in patients already taking maintenance doses of LAMICTIN and NOT taking inducers of lamotrigine glucuronidation:*** The maintenance dose of LAMICTIN may need to be increased by as much as two-fold according to the individual clinical response (see WARNINGS AND SPECIAL PRECAUTIONS & INTERACTIONS).

(c) ***Stopping hormonal contraceptives in patients already taking maintenance doses of LAMICTIN and NOT taking inducers of lamotrigine glucuronidation:***

The maintenance dose of LAMICTIN may need to be decreased by as much as 50 % according to the individual clinical response (see WARNINGS AND SPECIAL PRECAUTIONS & INTERACTIONS).

Elderly (over 65 years of age): No dosage adjustment from recommended schedule is required. The pharmacokinetics of lamotrigine in this age group do not differ significantly from a non-elderly adult population.

Hepatic impairment: Initial, escalating and maintenance doses should generally be reduced by approximately 50 % in patients with moderate (Child-Pugh grade B) and 75 % in severe (Child-Pugh grade C) hepatic impairment. Escalation and maintenance doses should be adjusted according to clinical response.

Renal impairment: Caution should be exercised when administering LAMICTIN to patients with renal failure. For patients with end-stage renal failure, initial doses of LAMICTIN should be based on patient's AED regimen; reduced maintenance doses should be used for patients with significant renal functional impairment.

SIDE EFFECTS:

The undesirable effects have been divided into epilepsy and bipolar specific sections based on the data currently available. However, both sections should be consulted when considering the overall safety profile of LAMICTIN. The following convention has been utilised for the classification of undesirable effects: Very common (≥1/10), common (≥ 1/100, < 1/10), uncommon (≥ 1/1 000, < 1/100), rare (≥ 1/10 000, < 1/1 000), very rare (< 1/10 000).

Epilepsy:

Skin and subcutaneous tissue disorders:

During monotherapy clinical trials:

Very common: skin rash

During other clinical experience:

Very common: skin rash

Rare: Stevens-Johnson syndrome

Very rare: toxic epidermal necrolysis

In double-blind, add-on clinical trials, skin rashes occurred in up to 10 % of patients taking LAMICTIN and in 5 % of patients taking placebo. The skin rashes led to the withdrawal of

LAMICTIN treatment in 2 % of patients. The rash, usually maculopapular in appearance, generally appears within 8 weeks of starting treatment and resolves on withdrawal of LAMICTIN (see WARNINGS AND SPECIAL PRECAUTIONS).

Serious, potentially life-threatening skin rashes, including angioedema, Stevens-Johnson syndrome and toxic epidermal necrolysis have been reported. Although the majority recover on drug withdrawal, some patients experience irreversible scarring and there have been rare cases of associated death (see WARNINGS AND SPECIAL PRECAUTIONS).

The overall risk of rash, appears to be strongly associated with high initial doses of LAMICTIN and exceeding the recommended dose escalation of LAMICTIN therapy (see DOSAGE AND DIRECTIONS FOR USE).

Rash has also been reported as part of a hypersensitivity syndrome associated with a variable pattern of systemic symptoms (see WARNINGS AND SPECIAL PRECAUTIONS).

Blood and lymphatic system disorders:

Very rare: haematological abnormalities including, anaemia, neutropenia, leucopenia, thrombocytopenia, pancytopenia, aplastic anaemia, agranulocytosis

Haematological abnormalities may or may not be associated with a hypersensitivity syndrome (see WARNINGS AND SPECIAL PRECAUTIONS).

Immune system disorders:

Very rare: hypersensitivity syndrome* (including such symptoms as, fever, lymphadenopathy, facial oedema, abnormalities of the blood and liver, disseminated intravascular coagulation, multi-organ failure)

*Rash has also been reported as part of a hypersensitivity syndrome associated with a variable pattern of systemic symptoms including fever, lymphadenopathy, facial oedema and abnormalities of the blood and liver. The syndrome shows a wide spectrum of clinical severity and may, rarely, lead to disseminated intravascular coagulation and multiorgan failure. It is important to note that early manifestations of hypersensitivity (e.g., fever, lymphadenopathy) may be present even though rash is not evident. If such signs and symptoms are present the

patient should be evaluated immediately and LAMICTIN discontinued if an alternative aetiology cannot be established (see WARNINGS AND SPECIAL PRECAUTIONS).

Psychiatric disorders:

Common: irritability

Uncommon: aggression

Very rare: tics, hallucinations, confusion

Nervous system disorders:

During monotherapy clinical trials:

Very common: headache

Common: drowsiness, insomnia, dizziness, tremor, vertigo, parasthesia

Uncommon: ataxia

During other clinical experience:

Very common: headache, dizziness

Common: nystagmus, tremor, ataxia, drowsiness, insomnia

Very rare: agitation, unsteadiness, worsening of Parkinson's disease, extrapyramidal effects, choreoathetosis, increase in seizure frequency

There have been reports that LAMICTIN may worsen Parkinsonian symptoms in patients with pre-existing Parkinson's disease and isolated reports of extrapyramidal effects and choreoathetosis in patients without this underlying condition.

Eye disorders:

Very common: diplopia, blurred vision

Rare: conjunctivitis

Gastrointestinal disorders:

During monotherapy clinical trials:

Common: nausea

During other clinical experience:

Common: gastrointestinal disturbance (including vomiting and diarrhoea)

Hepatobiliary disorders:

Very rare: increased liver function tests, hepatic dysfunction, hepatic failure

Hepatic dysfunction usually occurs in association with hypersensitivity reactions but isolated cases have been reported without overt signs of hypersensitivity.

Musculoskeletal and connective tissue disorders:

Very rare: Lupus-like reactions

General disorders and administration site conditions:

Common: tiredness.

Bipolar Disorder:

The undesirable effects below should be considered alongside those seen in epilepsy for an overall safety profile of LAMICTIN.

Skin and subcutaneous tissue disorders:

During bipolar disorder clinical trials:

Very common: skin rash

Rare: Stevens-Johnson syndrome

When all bipolar disorder studies (controlled and uncontrolled) conducted with LAMICTIN are considered, skin rashes occurred in 14 % of patients on LAMICTIN. Whereas, in controlled clinical trials with bipolar disorder patients, skin rashes occurred in 9 % of patients taking LAMICTIN and in 8 % of patients taking placebo.

Nervous system disorders:

During bipolar disorder clinical trials:

Very common: headache

Common: agitation, somnolence, dizziness

Musculoskeletal and connective tissue disorders:

During bipolar disorder clinical trials:

Common: arthralgia

General disorders and administration site conditions:

During bipolar disorder clinical trials:

Common: pain, back pain.

KNOWN SYMPTOMS OF OVERDOSAGE AND PARTICULARS OF ITS TREATMENT:

Symptoms and signs: Acute ingestion of doses in excess of 10-20 times the maximum therapeutic dose has been reported. Overdose has resulted in symptoms including nystagmus, ataxia, impaired consciousness and coma.

Treatment: In the event of overdosage, the patient should be admitted to hospital and given appropriate supportive therapy. Gastric lavage should be performed if indicated.

IDENTIFICATION:

LAMICTIN 25: Pale, yellowish-brown, multifaceted, superelliptical, unscored tablet, branded 'GSEC7' on one side, with '25' on the reverse.

LAMICTIN 50: Pale, yellowish-brown, multifaceted, superelliptical, unscored tablet, branded 'GSEE1' on one side, with '50' on the reverse.

LAMICTIN 100: Pale, yellowish-brown, multifaceted, superelliptical, unscored tablet, branded 'GSEE5' on one side, with '100' on the reverse.

LAMICTIN 200: Pale, yellowish-brown, multifaceted, superelliptical, unscored tablet, branded 'GSEE7' on one side, with '200' on the reverse.

LAMICTIN P2: White to off-white round tablets with a blackcurrant odour. One side has a bevelled edge and is engraved LTG over the number 2. The other side is engraved with two overlapping super-ellipses at right angles.

LAMICTIN P5: White to off-white with odour of blackcurrant. Elongated, biconvex tablets, may be scored. Branded ‘GS CL2’ on one side and ‘5’ on the reverse. The tablets may be slightly mottled.

LAMICTIN P25: White to off-white with odour of blackcurrant. Multifaceted, superelliptical, unscored. Branded ‘GSCL5’ on one side and ‘25’ on the reverse. The tablets may be slightly mottled.

LAMICTIN P50: White to off-white with odour of blackcurrant. Multifaceted, superelliptical, unscored. Branded ‘GSCX7’ on one side and ‘50’ on the reverse. The tablets may be slightly mottled.

LAMICTIN P100: White to off-white with odour of blackcurrant. Multifaceted, superelliptical, unscored. Branded ‘GSCL7’ on one side and ‘100’ on the reverse. The tablets may be slightly mottled.

LAMICTIN P200: White to off-white with odour of blackcurrant. Multifaceted, superelliptical, unscored. Branded ‘GSEC5’ on one side and ‘200’ on the reverse. The tablets may be slightly mottled.

PRESENTATION:

LAMICTIN 25: Blister pack of 60 tablets.

LAMICTIN 50: Blister pack of 60 tablets.

LAMICTIN 100: Blister pack of 60 tablets.

LAMICTIN 200: Blister pack of 60 tablets.

LAMICTIN P2: Opaque, white plastic bottle, with child-resistant closure containing 30 tablets.

LAMICTIN P5: Amber glass bottle containing 100 tablets.

LAMICTIN P25: Amber glass bottle containing 60 tablets.

LAMICTIN P50: Amber glass bottle containing 60 tablets.

LAMICTIN P100: Amber glass bottle containing 60 tablets.

LAMICTIN P200: Amber glass bottle containing 60 tablets.

STORAGE INSTRUCTIONS:

LAMICTIN Tablets (non-dispersible):

Store below 30 ºC.

Keep dry.

Keep out of reach of children.

LAMICTIN Dispersible Tablets:

Protect from light.

Store below 30 ºC.

Keep dry.

Keep out of reach of children.

REGISTRATION NUMBER:

LAMICTIN 25: Z/2.5/280

LAMICTIN 50: Z/2.5/281

LAMICTIN 100: Z/2.5/282

LAMICTIN 200: 29/2.5/0472

LAMICTIN P2: 36/2.5/0407

LAMICTIN P5: 29/2.5/0303

LAMICTIN P25: 29/2.5/0304

LAMICTIN P50: 32/2.5/0459

LAMICTIN P100: 29/2.5/0305

LAMICTIN P200: 32/2.5/0460

NAME AND BUSINESS ADDRESS OF THE HOLDER OF THE CERTIFICATE OF REGISTRATION:

GlaxoSmithKline South Africa (Pty) Ltd

39 Hawkins Avenue

Epping Industria 1, 7460

DATE OF PUBLICATION OF THE PACKAGE INSERT:

10 August 2007

GDS-18

LAMICTIN is a registered trade mark of the **GSK** group of companies

Botswana:

Lamictin 25 mg Tablets - Reg No BOT0700895 S2

Lamictin 50 mg Tablets - Reg No BOT0700896 S2

Lamictin 100 mg Tablets - Reg No BOT0700897 S2

Lamictin P2 - Reg No BOT1502692 S2

Lamictin P5 - Reg No BOT1502693 S2

Lamictin P25 - Reg No BOT1502694 S2

Lamictin P50 - Reg No BOT1502695 S2

Lamictin P100 - Reg No BOT1502696 S2

Lamictin P200 - Reg No BOT1502697 S2

Namibia:

Lamictin 25 mg Tablets - Reg No 04/2.5/0866 NS2

Lamictin 50 mg Tablets - Reg No 04/2.5/0867 NS2

Lamictin 100 mg Tablets - Reg No 04/2.5/0868 NS2

Lamictin 200 mg Tablets - Reg No 04/2.5/0869 NS2

Lamictin P5 mg Tablets - Reg No 04/2.5/0861 NS2

Lamictin P25 mg Tablets - Reg No 04/2.5/0862 NS2

Lamictin P50 mg Tablets - Reg No 04/2.5/0863 NS2

Lamictin P100 mg Tablets - Reg No 04/2.5/0864 NS2

Lamictin P200 mg Tablets - Reg No 04/2.5/0865 NS2

SKEDULERINGSTATUS:

S3

EIENDOMSNAAM EN DOSEERVORM:

LAMICTIN® 25, **50**, **100** en **200** Tablette

LAMICTIN® P2, **P5**, **P25**, **P50**, **P100** en **P200** Dispergeerbare Tablette

SAMESTELLING:

Elke LAMICTIN 25 tablet bevat: 25 mg lamotrigien

Bevat laktosemonohidraat (24,7 mg/tablet)

Elke LAMICTIN 50 tablet bevat: 50 mg lamotrigien

Bevat laktosemonohidraat (49,4 mg/tablet)

Elke LAMICTIN 100 tablet bevat: 100 mg lamotrigien

Bevat laktosemonohidraat (98,8 mg/tablet)

Elke LAMICTIN 200 tablet bevat: 200 mg lamotrigien

Bevat laktosemonohidraat (114,7 mg/tablet)

Mengmiddels: Die ander bestanddele van LAMICTIN tablette is laktosemonohidraat, mikrokristallyne sellulose, povidoon, natriumstyselglikolaat, ysteroksied-geel (E172) en magnesiumstearaat.

Elke LAMICTIN P2 dispergeerbare tablet bevat: 2 mg lamotrigien

Elke LAMICTIN P5 dispergeerbare tablet bevat: 5 mg lamotrigien

Elke LAMICTIN P25 dispergeerbare tablet bevat: 25 mg lamotrigien

Elke LAMICTIN P50 dispergeerbare tablet bevat: 50 mg lamotrigien

Elke LAMICTIN P100 dispergeerbare tablet bevat: 100 mg lamotrigien

Elke LAMICTIN P200 dispergeerbare tablet bevat: 200 mg lamotrigien

Mengmiddels: Die ander bestanddele van LAMICTIN dispergeerbare tablette is kalsiumkarbonaat, lae gesubstitueerde hidroksiepropielsellulose, aluminiummagnesium-silikaat, natriumstyselglikollaat, povidoon, sakkariennatrium, swartbessiegeur en magnesiumstearaat.

FARMAKOLOGIESE KLASSIFIKASIE:

A 2.5 Antikonvulsante, insluitend anti-epileptiese middels

FARMAKOLOGIESE WERKING:

Farmakodinamiese eienskappe:

Die resultate van farmakologiese proewe suggereer dat lamotrigien by spanningsensitiewe natriumkanale optree om neuronale membrane te stabiliseer en neurotransmittorvrystelling te inhibeer, veral van glutamaat, 'n opwekker aminosuur wat vermoedelik 'n sleutelrol in die opwekking van epileptiese aanvalle speel.

Kliniese doeltreffendheid in die voorkoming van depressiewe episodes in pasiënte met bipolêre siekte: Twee deurslaggewende proewe het doeltreffendheid in die voorkoming van depressiewe episodes in pasiënte met bipolêr-1-siekte, gedemonstreer.

Een was 'n veelvoudige-sentrum, dubbel-blind, dubbel-fop, plasebo- en litium-beheerde, willekeurige vaste-dosis evaluering van die langtermyn voorkoming van terugval en herhaling van depressie en/of manie in pasiënte met bipolêr-1-siekte, wat onlangs of teenswoordig 'n major depressiewe episode ondervind het. Nadat hulle met lamotrigien-monoterapie of lamotrigien plus psigotropiese medikasie gestabiliseer is, is pasiënte willekeurig toegeken aan een van vyf behandelingsgroepe: lamotrigien (50, 200, 400 mg/dag), litium (serumvlakke van

0,8 tot 1,1 mEkw/ℓ) of plasebo vir ’n maksimum van 76 weke (18 maande). Behandelingsregimens is onderhou totdat ’n gemoedstoestandepisode (depressief of manies) ontwikkel, wat intervensie met addisionele farmakoterapie of elektrokonvulsiewe terapie (EKT) genoodsaak het.

Die primêre eindpunt was ‘Tyd tot Intervensie vir ’n Gemoedstoestandepisode (TIME)’, waar die intervensies met addisionele farmakoterapie, óf EKT genoodsaak was. Hierdie eindpunt is geanaliseer deur gebruik te maak van drie metodes vir die hantering van data van pasiënte wat onttrek is voordat hulle ’n intervensie gehad het. Die p-waardes vir hierdie analises het gewissel van 0,003 tot 0,029. In ondersteunende analises van tyd tot eerste depressiewe episode en tyd tot eerste maniese/hipomaniese of gemengde episode, het pasiënte op lamotrigien langer tye as pasiënte op plasebo tot eerste depressiewe episode gehad (p = 0,047), en die verskil as gevolg van behandeling met betrekking tot tyd tot maniese/hipomaniese of gemende episodes was nie statisties beduidend nie.

’n Ander proef was ’n veelvoudige-sentrum, dubbel-blind, dubbel-fop, plasebo- en litium-beheerde, willekeurige, aanpasbare-dosis evaluering van lamotrigien in die langtermyn voorkoming van terugval en herhaling van manie en/of depressie in pasiënte met bipolêr-1-siekte wat onlangs of teenswoordig ’n maniese of hipomaniese episode ondervind het. Nadat hulle met lamotrigien-monoterapie of lamotrigien plus psigotropiese medikasie gestabiliseer is, is pasiënte willekeurig toegeken aan een van drie behandelingsgroepe: lamotrigien (100 tot 400 mg/dag), litium (serumvlakke van 0,8 tot 1,1 mEkw/ℓ) of plasebo vir ’n maksimum van 76 weke (18 maande). Behandelingsregimens is onderhou totdat ’n ontluikende gemoedstoestandepisode (depressief of manies) ontwikkel, wat intervensie met addisionele farmakoterapie of elektrokonvulsiewe terapie (EKT) genoodsaak het.

Die primêre eindpunt was ‘Tyd tot Intervensie vir ’n Gemoedstoestandepisode (TIME)’, waar die intervensies met addisionele farmakoterapie, óf EKT genoodsaak was. Hierdie eindpunt is geanaliseer deur gebruik te maak van drie metodes vir die hantering van data van pasiënte wat onttrek is voordat hulle ’n intervensie gehad het. Die p-waardes vir hierdie analises het gewissel

van 0,003 tot 0,023. In ondersteunende analises van tyd tot eerste depressiewe episode en tyd tot eerste maniese/hipomaniese of gemengde episode, het pasiënte op lamotrigien langer tye as pasiënte op plasebo tot eerste depressiewe episode gehad (p = 0,015) en die verskil as gevolg van behandeling met betrekking tot tyd tot maniese/hipomaniese of gemengde episodes was nie statisties beduidend nie.
In kliniese studies, het die neiging om destabilisering, manie of hipomanie te induseer tydens lamotrigienterapie, nie beduidend van plasebo verskil nie.

Farmakokinetiese eienskappe:

In gesonde, vastende jong volwasse vrywilligers, word lamotrigien vinnig en volledig uit die spysverteringskanaal geabsorbeer. Die piek plasmakonsentrasie word 2,5 uur na mondelikse toediening bereik. Die gemiddelde eliminasiehalfleeftyd is 29 uur en die farmakokinetiese profiel is liniêr tot by 450 mg, die hoogste enkeldosis wat getoets is. Die halfleeftyd van lamotrigien word deur gelyktydige toediening van medikasie beïnvloed, met ’n gemiddelde waarde van ongeveer 14 uur wanneer dit saam met ensiem-induserende geneesmiddels, soos karbamasepien en fenitoïen, toegedien word. Die halfleeftyd neem toe tot ’n gemiddelde van ongeveer 70 uur wanneer dit saam met natriumvalproaat alleen, toegedien word (sien DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS). Na veelvoudige toediening van lamotrigien (150 mg twee keer per dag) aan normale vrywilligers, vind ’n geringe induksie van die middel se eie metabolisme plaas, wat ’n 25 % verlaging in die eliminasiehalfleeftyd in die ewewigstoestand, veroorsaak.
55 % van lamotrigien is aan plasmaproteïene gebind. Opruiming wat vir liggaamsgewig aangepas is, is hoër in kinders van 12 jaar en jonger, as in volwassenes, en die hoogste waardes kom in kinders jonger as 5 jaar voor. Die halfleeftyd van lamotrigien is gewoonlik korter in kinders as in volwassenes met ’n gemiddelde waarde van ongeveer 7 uur wanneer dit met ensiem-induserende geneesmiddels, soos karbamasepien en fenitoïen, toegedien word. Die halfleeftyd van lamotrigien neem toe tot gemiddelde waardes van ongeveer 45 tot 55 uur

wanneer dit saam met natriumvalproaat alleen, toegedien word (sien DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS).

Bejaardes: Resultate van 'n farmakokinetiese analise van 'n bevolking wat beide jong en bejaarde epileptiese pasiënte ingesluit het, wat in dieselfde proewe ingeskryf is, het aangedui dat die opruiming van lamotrigien nie tot 'n klinies toepaslike mate verander het nie.
Na enkeldosisse het bewysbare opruiming met 12 % verminder van 35 ml/min op die ouderdom van 20, tot 31 ml/min op 70 jaar. Die afname na 48 weke van behandeling was 10 % van 41 tot 37 ml/min tussen die jonger en ouer groepe wat met mekaar vergelyk is.
Daarbenewens is die farmakokinetika van lamotrigien in 12 gesonde, bejaarde proefpersone na 'n enkele 150 mg dosis bestudeer. Die gemiddelde opruiming in bejaardes (0,39 ml/min/kg) val binne die reikwydte van die gemiddelde opruimingswaardes (0,31 tot 0,65 ml/min/kg) wat in 9 studies met nie-bejaarde volwassenes na enkeldosisse van 30 tot 450 mg verkry is.

Pasiënte met nierinkorting: 'n Enkel 100 mg dosis lamotrigien is aan elkeen van twaalf vrywilligers met chroniese nierversaking en 6 ander individue wat hemodialise ondergaan het, toegedien. Die gemiddelde CL/F was 0,42 ml/min/kg (chroniese nierversaking), 0,33 ml/min/kg (tussen hemodialise), en 1,57 ml/min/kg (tydens hemodialise) vergeleke met 0,58 ml/min/kg in gesonde vrywilligers. Gemiddelde plasmahalfleeftye was 42,9 uur (chroniese nierversaking), 57,4 uur (tussen hemodialise), en 13,0 uur (tydens hemodialise), vergeleke met 26,2 uur in gesonde vrywilligers. Gemiddeld is ongeveer 20 % (reikwydte = 5,6 tot 35,1) van die hoeveelheid lamotrigien teenwoordig in die liggaam deur 'n 4-uur hemodialise sessie verwyder. Vir hierdie pasiëntbevolking behoort aanvanklike dosisse van lamotrigien gebaseer te word op die pasiënte se anti-epileptiese geneesmiddel (AEG) regimen; verminderde onderhoudsdosisse moet in pasiënte met beduidende inkorting van nierfunksie gebruik word (sien DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS).

Pasiënte met lewerinkorting: ’n Enkeldosis farmakokinetiese studie is uitgevoer met 24 proefpersone wat aan wisselende grade van lewerinkorting gely het, en 12 gesonde proefpersone wat as kontrolegroep opgetree het. Die mediaan bewysbare opruiming van lamotrigien was onderskeidelik 0,31, 0,24, of 0,10 ml/min/kg in pasiënte met graad A, B of C (Child-Pugh-klassifisering) lewerinkorting, vergeleke met 0,34 ml/min/kg in die gesonde kontrolegroep. Verminderde dosisse behoort oor die algemeen in pasiënte met graad B of C lewerinkorting gebruik te word (sien DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS).

INDIKASIES:

EPILEPSIE:

Volwassenes en kinders ouer as 12 jaar: LAMICTIN word as monoterapie, of aanvullende behandeling van gedeeltelike epilepsie met, of sonder, sekondêre, veralgemeende tonies-kloniese aanvalle, en in primêre veralgemeende tonies-kloniese aanvalle, aangedui.

Kinders van 2 tot 12 jaar: LAMICTIN word as aanvullende behandeling aangedui vir gedeeltelike epilepsie met, of sonder, sekondêre, veralgemeende tonies-kloniese aanvalle, wat nie bevredigend met ander anti-epileptiese medisyne beheer kan word nie.
Monoterapie in kinders jonger as 12 jaar word nie aanbeveel nie totdat voldoende inligting uit beheerde proewe in hierdie spesifieke teikenbevolking beskikbaar gemaak word.

Lennox-Gastaut-sindroom: LAMICTIN word aangedui as aanvullende behandeling van aanvalle wat met Lennox-Gastaut-sindroom geassosieer word.

BIPOLÊRE SIEKTE (Volwassenes van 18 jaar en ouer): LAMICTIN word vir die voorkoming van gemoedstoestandepisodes in pasiënte met bipolêre siekte, hoofsaaklik deur voorkoming van depressiewe episodes, aangedui.

KONTRA-INDIKASIES:

LAMICTIN is teenaangedui in persone met bekende hipersensitiwiteit teen lamotrigien.

WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS:

Ernstige konvulsiewe aanvalle, insluitend status epilepticus, mag lei tot rabdomiolise, veelvoudige orgaanwanfunksie, en gedissemineerde intravaskulêre stolling, gewoonlik met noodlottige gevolge. Soortgelyke gevalle het in assosiasie met die gebruik van LAMICTIN voorgekom.

Dit word aanbeveel dat die geneesheer pasiënte versigtig moniteer (insluitend hepatiese, renale en stollingsparameters), wat enige kombinasie van akute, onverklaarde veluitslag, koors, griepagtige simptome, slaperigheid of verslegting in die beheer van aanvalle, veral binne die eerste maand na begin van behandeling met LAMICTIN, ontwikkel.

Oorskryding van die aanbevole dosis aan die begin van LAMICTIN-terapie mag geassosieer word met ’n toename in die voorkoms van veluitslag wat onttrekking van terapie mag noodsaak.

Skielike onttrekking van LAMICTIN mag terugslag-aanvalle uitlok. Tensy veiligheidsoorwegings (bv. veluitslag) vinnige onttrekking noodsaak, behoort die dosis LAMICTIN geleidelik oor ’n tydperk van 2 weke verminder te word.

Om te verseker dat ’n terapeutiese dosis onderhou word, moet die gewig van ’n kind gemoniteer word en die dosis moet heroorweeg word soos veranderings in gewig plaasvind.

Indien die dosisse wat vir kinders volgens liggaamsgewig bereken word, nie ooreenstem met heel tablette nie, is die dosis wat toegedien moet word, gelyk aan die laer getal heel tablette (sien DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS).

LAMICTIN is ’n swak inhibeerder van dihidrofolaatreduktase en daar bestaan dus ’n moontlikheid dat die middel met folaatmetabolisme tydens langtermyn behandeling, mag inmeng. Gedurende langtermyn menslike dosering wat tot 1 jaar geduur het, is egter geen beduidende veranderings in die hemoglobienkonsentrasie, gemiddelde

bloedliggaampievolume, of die folaatkonsentrasies in serum of rooibloedselle, deur LAMICTIN veroorsaak nie.

Velreaksies: Berigte is ontvang van nadelige velreaksies wat meestal binne die eerste 8 weke na begin van LAMICTIN-behandeling, voorgekom het. Die meerderheid van veluitslae is matig van aard en self-beperkend; maar ernstige, potensieel lewensgevaarlike veluitslae, insluitend Stevens-Johnson-sindroom en toksiese epidermale nekrolise is veral in kinders en in pasiënte (volwassenes en kinders) wat ook valproaat gebruik het, aangemeld (sien NEWE-EFFEKTE). Geïsoleerde gevalle is ook na langdurige behandeling (6 maande), gerapporteer.
Velreaksies in alle kliniese studies het in ongeveer 10 % van volwassenes, en 17 % van kinders voorgekom. By pasiënte wat gelyktydig valproaat ontvang, het velreaksies in 21 % van volwassenes, en 34 % van kinders voorgekom, waarvan 12 % en 17 % onderskeidelik van behandeling onttrek is. Alhoewel die meerderheid herstel wanneer die geneesmiddel onttrek word, ondervind sommige pasiënte onomkeerbare letselvorming en seldsame gevalle van geassosieerde sterftes het voorgekom.
Die beraamde voorkoms van ernstige veluitslae wat as Stevens-Johnson-sindroom in volwassenes gerapporteer is, was 1 uit 1 000. Die risiko van ernstige veluitslae in kinders is hoër as in volwassenes. Beskikbare data suggereer dat die voorkoms van veluitslae wat hospitalisering in kinders benodig het, wissel tussen 1 uit 300, tot 1 uit 100.

In kinders kan die aanvanklike voorkoms van ’n veluitslag met ’n infeksie verwar word; in kinders wat simptome van veluitslag en koors binne die eerste agt weke van behandeling ontwikkel, behoort geneeshere die moontlikheid van ’n geneesmiddelreaksie te oorweeg.
Daarbenewens blyk dit dat die algehele risiko van veluitslag sterk verband hou met:

- Hoë aanvanklike dosisse van LAMICTIN en oorskryding van die aanbevole dosisverhoging van LAMICTIN (sien DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS).
- Gelyktydige gebruik van valproaat, wat die gemiddelde halfleeftyd van LAMICTIN ongeveer verdubbel (sien Farmakokinetiese eienskappe en DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS).

Omdat dit nie betroubaar voorspel kan word watter veluitslae lewensgevaarlik gaan wees nie, moet alle pasiënte (volwassenes en kinders) wat 'n veluitslag ontwikkel, onmiddellik geëvalueer word, en LAMICTIN moet onmiddellik onttrek word tensy die veluitslag duidelik nie geneesmiddel-verwant is nie. Dit word aanbeveel dat LAMICTIN nie weer begin word nie in pasiënte wat gestaak het as gevolg van veluitslag geassosieer met vorige behandeling met LAMICTIN.

Veluitslag is ook al as deel van 'n hipersensitiwiteitsindroom aangemeld wat met 'n wisselende patroon van sistemiese simptome insluitend koors, limfadenopatie, pruritus, edeem van die gesig, abnormaliteite van die bloed en lewer, en trombositopenie, geassosieer word. Die sindroom toon 'n wye spektrum van kliniese erns en dit mag lei tot gedissemineerde intravaskulêre stolling en veelvoudige orgaanversaking. Dit is belangrik om daarvan bewus te wees dat vroeë tekens van hipersensitiwiteit (bv. koors, limfadenopatie), in die afwesigheid van die veluitslag, teenwoordig mag wees. Indien sulke tekens en simptome teenwoordig is, moet die pasiënt onmiddellik geëvalueer, en LAMICTIN gestaak word, indien 'n alternatiewe etiologie nie onmiddellik vasgestel kan word nie.

Hormonale voorbehoedmiddels:

Effekte van hormonale voorbehoedmiddels op LAMICTIN-doeltreffendheid: Daar kon gedemonstreer word dat 'n etinielestradiol/levonorgestrel (30 µg/150 µg)-kombinasie die opruiming van LAMICTIN ongeveer tweevoudig verhoog het, wat verminderde LAMICTIN-vlakke tot gevolg gehad het (sien INTERAKSIES). Na titrasie mag hoër onderhoudsdosisse van LAMICTIN (soveel as twee keer hoër) nodig wees om 'n optimale terapeutiese respons te bereik. In vrouens wat nog nie 'n induseerder van LAMICTIN-glukuronidasie neem nie en 'n hormonale voorbehoedmiddel neem wat een week van onaktiewe medikasie insluit (bv. 'pil-vrye week'), sal geleidelike verbygaande verhogings in lamotrigienvlakke tydens die week van onaktiewe medikasie voorkom. Hierdie verhogings sal groter wees wanneer verhogings in die LAMICTIN-dosis gemaak word in die dae voor of tydens die week van onaktiewe

kontraseptiewe medikasie . Gevalle van deurbraak-konvulsies is aangemeld in vrouens wat ook hormonale voorbehoedmiddels gebruik. Vir doseringsaanwysings sien ‘Algemene Doseringsaanbevelings vir LAMICTIN in Spesiale Pasiëntbevolkings,’ DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS.

Kliniese geneeshere behoort toepaslike kliniese beheer van vrouens wat hormonale voorbehoedmiddels begin of staak tydens LAMICTIN-terapie uit te oefen en dosisaanpassings van LAMICTIN mag nodig wees. Ander behandelings met orale voorbehoedmiddels en hormoonvervangingsterapie (HVT) is nie bestudeer nie, alhoewel hulle ’n soortgelyke effek op die farmakokinetiese parameters van LAMICTIN mag hê.

Effekte van LAMICTIN op hormonale voorbehoedmiddeldoeltreffendheid: ’n Interaksie proef met 16 gesonde vrywilligers het aangedui dat wanneer LAMICTIN en ’n hormonale voorbehoedmiddel (etinielestradiol/levonorgestrel-kombinasie) in kombinasie toegedien word, ’n klein toename in levonorgestrelopruiming en veranderings in serum-FSH en -LH voorkom (sien INTERAKSIES). Die impak van hierdie veranderings op die ovulasie aktiwiteit van die eierstokke is onbekend. Hierdie veranderings mag egter verminderde kontraseptiewe doeltreffendheid veroorsaak in pasiënte wat hormonale preparate neem. Gevalle van ongewenste swangerskap, metro-/menoragie, deurbraakbloeding en amenoree is aangemeld. Pasiënte behoort dus instruksies te ontvang om veranderings in hulle menstruele patroon, d.i. deurbraakbloeding, onmiddellik aan te meld.

Nierversaking: In enkeldosis-studies by proefpersone met endstadium-nierversaking, was plasmakonsentrasies van lamotrigien nie beduidend verander nie. ’n Ophoping van die glukuroniedmetaboliet kom egter voor; omsigtigheid moet dus uitgeoefen word wanneer pasiënte met nierversaking behandel word.

Bipolêre Versteuring: Die moontlikheid van pogings tot selfmoord is inherent in bipolêre versteuring en noukeurige toesig van hoë-risiko pasiënte behoort geneesmiddelterapie te vergesel.

Effekte op die Vermoë om te Bestuur en Masjiene te Gebruik: Nadelige insidente met 'n neurologiese karakter soos duiseligheid en diplopie is in kliniese studies met LAMICTIN aangemeld. Pasiënte behoort dus te kyk hoe LAMICTIN-terapie hulle affekteer voordat hulle bestuur of masjiene gebruik.

Mengmiddelwaarskuwings:

LAMICTIN tablette bevat laktosemonohidraat. Pasiënte met seldsame oorgeërfde probleme van galaktose-intoleransie, die Lapland-laktasegebrek of glukose-galaktosewanabsorbsie behoort nie LAMICTIN tablette te neem nie (sien SAMESTELLING).

INTERAKSIES:

UDP-glukuronieltransferases is geïdentifiseer as die ensieme wat vir die metabolisme van lamotrigien verantwoordelik is. Daar bestaan geen bewyse dat lamotrigien klinies beduidende induksie of inhibisie van hepatiese oksidatiewe geneesmiddel-metaboliserende ensieme veroorsaak nie en interaksies tussen lamotrigien en geneesmiddels wat deur sitochroom P450-ensieme gemetaboliseer word, sal waarskynlik nie voorkom nie. Lamotrigien mag sy eie metabolisme induseer, maar die effek is matig van aard en dit is onwaarskynlik dat dit beduidende kliniese gevolg sal hê.

Effekte van ander geneesmiddels op glukuronidasie van lamotrigien:

Geneesmiddels wat glukuronidasie van lamotrigien beduidend inhibeer (verdubbeling van die halfleeftyd van lamotrigien)	Geneesmiddels wat glukuronidasie van lamotrigien beduidend induseer (halvering van die halfleeftyd van lamotrigien)
Valproaat	Karbamasepien Fenitoïen Primidoon Fenobarbitoon Rifampisien Etinielestradiol/levonorgestrel-kombinasie*

* Ander mondelikse voorbehoedmiddels en HVT-behandelings is nie bestudeer nie, alhoewel hulle die farmakokinetiese parameters van lamotrigien soortgelyk mag beïnvloed.

Interaksies wat AEGs betrek (sien DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS): Valproaat, wat die inhibisie van glukuronidasie van lamotrigien inhibeer, verminder die metabolisme van lamotrigien beduidend en verhoog die gemiddelde halfleeftyd van lamotrigien amper tweevoudig.

Sekere anti-epileptiese middels (soos fenitoïen, karbamasepien, fenobarbitoon en primidoon) wat hepatiese geneesmiddel-metaboliserende ensieme induseer, induseer ook die glukuronidasie van lamotrigien en versterk die metabolisme van lamotrigien beduidend wat tot halvering van die eliminasiehalfleeftyd van LAMICTIN lei.

Berigte is ontvang van sentrale senusisteem insidente insluitend duiseligheid, ataksie, diplopie, versteurde visie en naarheid in pasiënte wat karbamasepien neem na die instelling van LAMICTIN. Hierdie insidente verdwyn gewoonlik as die dosis karbamasepien verminder word.

Alhoewel verhogings in die plasmakonsentrasies van ander anti-epileptiese geneesmiddels aangemeld is, het beheerde studies geen bewyse gelewer dat lamotrigien die plasmakonsentrasies van anti-epileptiese geneesmiddels wat gelyktydig toegedien word, beïnvloed nie. Bewyse van *in vitro* proewe dui aan dat lamotrigien nie ander anti-epileptiese geneesmiddels by proteïenbindingsetels verdring nie.

In ’n proef met gesonde, volwasse vrywilligers wat dosisse van 200 mg LAMICTIN en 1 200 mg okskarbasepien gebruik het, het okskarbasepien nie die metabolisme van lamotrigien verander, en lamotrigien het ook nie die metabolisme van okskarbasepien verander nie. Ander

dosisse van hierdie twee medisyne is egter nie bestudeer nie, terwyl karbamasepien die halfleeftyd van LAMICTIN halveer (sien bo).

Interaksies wat ander psigotopiese middels betrek: Die farmakokinetika van litium nadat 2 g watervrye litiumglukonaat twee keer per dag vir ses dae aan 20 gesonde proefpersone toegedien is, is nie deur gelyktydige toediening van 100 mg LAMICTIN per dag verander nie. Veelvoudige mondelikse dosisse van bupropioon het geen statisties beduidende effekte op die enkeldosis-farmakokinetika van lamotrigien in 12 proefpersone gehad nie en het slegs 'n effense verhoging in die AOK van lamotrigienglukuronied veroorsaak.
In vitro inhibisie-eksperimente het aangedui dat die vorming van die primêre metaboliet van lamotrigien, die 2-N-glukuronied, minimaal verander is deur gelyktydige inkubasie met amitriptilien, bupropioon, klonasepam, fluoksetien, haloperidol, of lorasepam. Data oor die metabolisme van bufuralol verkry van menslike lewermikrosome het gesuggereer dat lamotrigien nie die opruiming van geneesmiddels wat hoofsaaklik deur CYP2D6 geëlimineer word, verminder nie. Resultate van *in vitro* eksperimente suggereer ook dat dit onwaarskynlik is dat opruiming van lamotrigien deur klosapien, fenelsien, risperidoon, sertralien of trasodoon beïnvloed sal word.

Interaksies wat hormonale voorbehoedmiddels betrek:

Effek van hormonale voorbehoedmiddels op die farmakokinetika van lamotrigien: In 'n proef van 16 vroulike vrywilligers, het 30 µg etinielestradiol/150 µg levonorgestrel in 'n gekombineerde mondelikse kontraseptiewe pil 'n ongeveer tweevoudige toename in die mondelikse opruiming van lamotrigien veroorsaak, wat onderskeidelik gemiddelde verminderings van 52 % en 39 % in die AOK en K_{maks} van lamotrigien tot gevolg gehad het. Serumlamotrigienkonsentrasies het geleidelik toegeneem met verloop van die week van onaktiewe medikasie (bv. 'pil-vrye' week), terwyl pre-dosis konsentrasies aan die einde van die

week van onaktiewe medikasie, gemiddeld ongeveer twee keer hoër was as tydens gelyktydige terapie. Deurbraak-aanvalle is aangemeld in vroue wat voorbehoedmiddels gebruik het.

Effek van lamotrigien op die farmakokinetika van hormonale voorbehoedmiddels: In 'n proef van 16 vroulike vrywilligers, het 'n ewewigsdosis van 300 mg LAMICTIN geen effek op die farmakokinetika van die etinielestradiolkomponent van 'n gekombineerde mondelikse kontraseptiewe pil gehad nie. 'n Klein toename in mondelikse opruiming van die levonorgestrelkomponent is waargeneem wat onderskeidelik gemiddelde afnames van 19 % en 12 % in die AOK en K_{maks} van levonorgestrel tot gevolg gehad het. Meting van serum-FSH, -LH en -estradiol tydens die studie het 'n mate van verlies aan onderdrukking van die ovariale hormonale aktiwiteit in sommige vrouens aangedui, alhoewel meting van serumprogesteroon aangedui het dat geen hormonale bewyse van ovulasie in enigeen van die 16 proefpersone voorgekom het nie. Die impak van die klein toename in levonorgestrelopruiming en die veranderings in serum-FSH en -LH op ovariale ovulasie-aktiwiteit is onbekend (sien WAARSKUWINGS). Die effekte van ander dosisse LAMICTIN benewens 300 mg/dag is nie bestudeer nie en proewe met ander vroulike hormonale preparate is nie uitgevoer nie. Gevalle van onbeplande swangerskap, menstruele versteurings, en amenoree is aangemeld. Enige verandering in die menstruele bloedingspatrone moet aan die pasiënt se geneesheer gerapporteer word.

Interaksies wat ander medikasies betrek: Alhoewel daar geen formele interaksie proewe bestaan nie, is daar in een proef met 10 manlike vrywilligers aangemeld dat rifampisien lamotrigienopruiming verhoog het, en die halfleeftyd van lamotrigien verminder het, as gevolg van induksie van die hepatiese ensieme wat vir glukuronidasie verantwoordelik is. In pasiënte wat gelyktydige terapie met rifampisien ontvang, moet die behandelingsregimen gebruik word wat vir LAMICTIN en gelyktydige induseerders van glukuronidasie aanbeveel word (sien DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS).

SWANGERSKAP EN LAKTASIE:

Die veiligheid van LAMICTIN in swangerskap en laktasie is nie vasgestel nie.

Gebruik tydens swangerskap: Daar is onvoldoende data beskikbaar oor die gebruik van LAMICTIN in menslike swangerskap om die veiligheid daarvan te evalueer. LAMICTIN behoort nie in swangerskap gebruik te word nie.
Fisiologiese veranderings tydens swangerskap mag lamotrigienvlakke en/of die terapeutiese effek beïnvloed. Berigte van verminderde lamotrigienvlakke tydens swangerskap is ontvang. Toepaslike kliniese beheer van swanger vrouens tydens LAMICTIN-terapie moet verseker word.

Gebruik in laktasie: Beperkte inligting is tans beskikbaar oor die gebruik van LAMICTIN in laktasie. Voorlopige data dui daarop dat die middel in borsmelk voorkom in konsentrasies wat gewoonlik gelyk is aan 40-60 % van die serumkonsentrasie. In ’n klein aantal suigelinge waar dit bekend was dat hulle borsvoeding ontvang het, het die serumkonsentrasies van lamotrigien vlakke bereik waar farmakologiese effekte mag voorkom.

DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS:

Dit is belangrik om die aanbevole doserings te gebruik veral in kombinasieterapie met valproaat waar een-tiende tot een-vyfde van die normale dosis gebruik word.
Moenie die maksimum dosering oorskry nie (sien WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS).

Algemene Doseringsaanbevelings:

Toediening: LAMICTIN Dispergeerbare Tablette behoort in ’n klein volume water (ten minste genoeg om die hele tablet te bedek) gedispergeer te word. Die tablette mag ook gekou, of heel ingesluk word met ’n bietjie water, indien dit verkies word.
Indien ’n berekende dosis LAMICTIN (bv. vir gebruik in kinders of pasiënte met hepatiese inkorting), nie ooreenstem met heel tablette nie, is die dosis wat toegedien moet word, gelyk aan die laer getal heel tablette.

Hervatting van Terapie: Voorskrywers moet die noodsaaklikheid vir verhoging tot die onderhoudsdosis evalueer wanneer LAMICTIN hervat word in pasiënte wat LAMICTIN vir enige rede gestaak het, aangesien die risiko van ernstige veluitslag met hoë aanvangsdosisse en oorskryding van die aanbevole dosisverhoging vir LAMICTIN geassosieer word (sien WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS). Hoe groter die tussenpose sedert die vorige dosis, hoe meer oorweging moet geskenk word aan verhoging tot die onderhoudsdosis. As die tussenpose sedert staking van LAMICTIN vyf halfleeftye oorskry (sien Farmakokinetiese eienskappe), behoort LAMICTIN in die algemeen, volgens die toepaslike skedule tot die onderhoudsdosis verhoog te word. Dit word aanbeveel dat LAMICTIN nie weer begin moet word nie in pasiënte wat gestaak het as gevolg van ’n veluitslag geassosieer met vorige behandeling met LAMICTIN.

EPILEPSIE:

Wanneer gelyktydige anti-epileptiese geneesmiddels onttrek word om LAMICTIN monoterapie te bereik of ander AEGs/medikasies by behandelingsregimens wat LAMICTIN bevat, bygevoeg word, moet oorweging geskenk word aan die effek wat dit op die farmakokinetika van lamotrigien mag hê (sien INTERAKSIES).
Om te verseker dat ’n terapeutiese dosis onderhou word, moet die gewig van ’n kind gemoniteer word en die dosis moet heroorweeg word soos veranderings in gewig plaasvind.

Indien ŉ berekende dosis van LAMICTIN (bv. vir gebruik in kinders of pasiënte met hepatiese inkorting), nie ooreenstem met heel tablette nie, is die dosis wat toegedien moet word, gelyk aan die laer getal heel tablette.

Dosering in epilepsie-monoterapie:

Volwassenes en kinders ouer as 12 jaar: Die aanvanklike dosis in monoterapie is 25 mg een keer per dag vir 2 weke, gevolg deur 50 mg een keer per dag vir 2 weke. Daarna behoort die dosis met ŉ maksimum van 50 mg - 100 mg elke 1-2 weke verhoog te word, totdat ŉ optimale respons verkry word. Die algemene onderhoudsdosis om optimale respons te bereik, is 100-200 mg/dag wat een keer per dag, of as twee verdeelde dosisse gegee word. Sommige pasiënte het tot 500 mg/dag van LAMICTIN benodig om die gewenste respons te bereik.

Dosering in epilepsie byvoegterapie:

Volwassenes en kinders ouer as 12 jaar: In daardie pasiënte wat gelyktydige anti-epileptiese geneesmiddels (AEGs) of ander medikasies (sien INTERAKSIES) neem wat glukuronidasie van lamotrigien induseer met/sonder ander AEGs (behalwe valproaat), is die aanvanklike LAMICTIN-dosis 50 mg een keer per dag vir 2 weke, gevolg deur 100 mg/dag in twee verdeelde dosisse vir 2 weke.

Daarna behoort die dosis met ŉ maksimum van 100 mg, elke 1-2 weke verhoog te word, totdat die optimale respons verkry is. Die gebruiklike onderhoudsdosis om optimale respons te bereik, is 200-400 mg/dag wat in twee verdeelde dosisse gegee word.

In daardie pasiënte wat natriumvalproaat met/sonder enige ander AEG neem, is die aanvanklike LAMICTIN dosis 25 mg elke tweede dag vir 2 weke, gevolg deur 25 mg een keer per dag vir 2 weke. Daarna behoort die dosis met ŉ maksimum van 25-50 mg elke 1-2 weke verhoog te word, totdat die optimale respons verkry is. Die gebruiklike onderhoudsdosis om optimale respons te bereik, is 100-200 mg/dag wat een keer per dag, of in twee verdeelde dosisse gegee word.

In daardie pasiënte wat okskarbasepien 1 200 mg daagliks neem, met of sonder ander induseerders of inhibeerders van lamotrigienglukuronidasie, is die aanvanklike LAMICTIN-dosis 25 mg een keer per dag vir 2 weke, gevolg deur 50 mg een keer per dag vir 2 weke. Daarna behoort die dosis met ’n maksimum van 50-100 mg elke 1-2 weke verhoog te word, totdat die optimale respons verkry is, of ’n dosis van 200 mg bereik is. Die gebruiklike onderhoudsdosis om optimale respons te bereik, is 100-200 mg/dag wat een keer daagliks of in twee verdeelde dosisse gegee word.

Tabel 1: Aanbevole behandelingsregimen vir volwassenes ouer as 12 jaar

<table>
<tr><th colspan="2">Behandelingsregimen</th><th>Weke 1 + 2</th><th>Weke 3 + 4</th><th>Onderhoudsdosis</th></tr>
<tr><td colspan="2">Monoterapie</td><td>25 mg (een keer daagliks)</td><td>50 mg (een keer daagliks)</td><td>100-200 mg (een keer daagliks of twee verdeelde dosisse)

Om onderhoud te bereik, mag dosisse met 50-100 mg elke 1-2 weke verhoog word</td></tr>
<tr><td colspan="2">Byvoegterapie met valproaat, afgesien van enige ander gelyktydige medikasies</td><td>12,5 mg (wat as 25 mg op alternatiewe dae gegee word)</td><td>25 mg (een keer daagliks)</td><td>100-200 mg (een keer daagliks of twee verdeelde dosisse)

Om onderhoud te bereik, mag dosisse met 25-50 mg elke 1-2 weke verhoog word</td></tr>
<tr><td rowspan="2">Byvoeg-terapie sonder valproaat</td><td>Hierdie doseringsregimen behoort gebruik te word met: fenitoïen, karbamasepien, fenobarbitoon, primidoon, of met ander induseerders van lamotrigien-glukuronidasie (sien INTERAKSIES)</td><td>50 mg (een keer daagliks)</td><td>100 mg (twee verdeelde dosisse)</td><td>200-400 mg (twee verdeelde dosisse)

Om onderhoud te bereik, mag dosisse met 100 mg elke 1-2 weke verhoog word</td></tr>
<tr><td>Met okskarbasepien sonder induseerders of inhibeerders van lamotrigien-glukuronidasie</td><td>25 mg (een keer daagliks)</td><td>50 mg (een keer daagliks)</td><td>100-200 mg (een keer daagliks of twee verdeelde dosisse)

Om onderhoud te bereik, mag dosisse met 50-100 mg elke 1-2 weke verhoog word</td></tr>
<tr><td colspan="5">In pasiënte wat AEGs neem waar die farmakokinetiese interaksie met lamotrigien tans nie bekend is nie (sien INTERAKSIES), behoort die behandelingsregimen soos aanbeveel vir LAMICTIN saam met gelyktydige valproaat gebruik te word.</td></tr>
</table>

Die aanbevole aanvangsdosis en daaropvolgende dosisverhoging behoort nie oorskry te word nie om die risiko van veluitslae tot ’n minimum te beperk (sien WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS).

Kinders van 2 tot 12 jaar: Om te verseker dat ’n terapeutiese dosis onderhou word, moet die gewig van ’n kind gemoniteer word en die dosis moet heroorweeg word soos veranderings in gewig plaasvind. Indien die dosisse wat vir kinders volgens liggaamsgewig bereken word, nie ooreenstem met heel tablette nie, is die dosis wat toegedien moet word, gelyk aan die laer getal heel tablette.

In daardie pasiënte wat gelyktydige AEGs of ander medikasies neem (sien INTERAKSIES) wat lamotrigienglukuronidasie induseer met/sonder ander AEGs (behalwe valproaat), is die aanvangsdosis van LAMICTIN 0,6 mg/kg liggaamsmassa/dag wat in twee verdeelde dosisse vir 2 weke gegee word, gevolg deur 1,2 mg/kg/dag vir 2 weke. Daarna behoort die dosis met ’n maksimum van 1,2 mg/kg elke 1-2 weke verhoog te word totdat die optimale respons verkry word. Die gebruiklike onderhoudsdosis om die optimale respons te bereik, is 5-15 mg/kg/dag wat in twee verdeelde dosisse gegee word. ’n Maksimum daaglikse dosis van 400 mg mag nie oorskry word nie.

In daardie pasiënte wat natriumvalproaat met/sonder enige ander AEG neem, is die aanvangsdosis van LAMICTIN 0,15 mg/kg liggaamsmassa/dag wat een keer per dag vir 2 weke gegee word, gevolg deur 0,3 mg/kg/dag wat een keer per dag vir 2 weke gegee word. Daarna behoort die dosis met ’n maksimum van 0,3 mg/kg elke 1-2 weke verhoog te word totdat die optimale respons verkry word. Die gebruiklike onderhoudsdosis om die optimale respons te bereik, is 1-5 mg/kg/dag wat een keer per dag, of in twee verdeelde dosisse gegee word. ’n Maksimum daaglikse dosis van 200 mg mag nie oorskry word nie.

In pasiënte wat okskarbasepien neem sonder enige induseerders of inhibeerders van lamotrigienglukuronidasie, is die aanvangsdosis van LAMICTIN 0,3 mg/kg liggaamsgewig/dag wat een keer per dag of in twee verdeelde dosisse vir 2 weke gegee word, gevolg deur

0,6 mg/kg/dag wat een keer per dag of in twee verdeelde dosisse vir 2 weke gegee word. Daarna moet die dosis met ’n maksimum van 0,6 mg/kg elke 1-2 weke verhoog word totdat ’n optimale respons verkry word, of ’n dosis van 200 mg bereik word. Die gebruiklike onderhoudsdosis om optimale respons te bereik is 1-10 mg/kg/dag wat een keer per dag of in twee verdeelde dosisse gegee word, met ’n maksimum van 200 mg/dag.

Tabel 2: Aanbevole *behandelingsregimen* vir kinders van 2-12 jaar (totale daaglikse dosis in mg/kg liggaamsgewig/dag)

Behandelingsregimen		**Weke 1 + 2**	**Weke 3 + 4**	**Onderhoudsdosis**
Byvoegterapie met valproaat afgesien van enige ander gelyktydige medikasie		0,15 mg/kg* (een keer daagliks)	0,3 mg/kg (een keer daagliks)	0,3 mg/kg inkremente elke 1-2 weke om 'n onderhoudsdosis van 1-5 mg/kg te bereik (een keer per dag of twee verdeelde dosisse) tot 'n maksimum van 200 mg/dag.
Byvoegterapie sonder valproaat	Hierdie doseringsregimen behoort gebruik te word met: Fenitoïen, Karbamasepien, Fenobarbitoon, Primidoon, of met ander induseerders van lamotrigien-glukuronidasie (sien INTERAKSIES).	0,6 mg/kg (twee verdeelde dosisse)	1,2 mg/kg (twee verdeelde dosisse)	1,2 mg/kg inkremente elke 1-2 weke om 'n onderhoudsdosis van 5-15 mg/kg te bereik (een keer per dag of twee verdeelde dosisse) tot 'n maksimum van 400 mg/dag
	Met okskarbasepien sonder induseerders of inhibeerders van lamotrigien-glukuronidasie	0,3 mg/kg (een of twee verdeelde dosisse)	0,6 mg/kg (een of twee verdeelde dosisse)	0,6 mg/kg inkremente elke 1-2 weke om 'n onderhoudsdosis van 1-10 mg/kg te bereik (een keer per dag of twee verdeelde dosisse) tot 'n maksimum van 200 mg/dag
In pasiënte wat AEGs neem waar die farmakokinetiese interaksie met lamotrigien tans nie bekend is nie (sien INTERAKSIES), behoort die behandelingsregimen soos aanbeveel vir LAMICTIN saam met gelyktydige valproaat gebruik te word.				
* Indien die berekende daaglikse dosis in pasiënte wat valproaat neem 1-2 mg is, dan mag 2 mg LAMICTIN op alternatiewe dae vir die eerste twee weke geneem word. Indien die berekende daaglikse dosis minder as 1 mg is, dan behoort LAMICTIN nie toegedien te word nie.				

Die aanbevole aanvangsdosis en daaropvolgende dosisverhoging behoort nie oorskry te word nie om die risiko van veluitslae tot 'n minimum te beperk (sien WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS).

Pasiënte van 2-6 jaar mag 'n onderhoudsdosis aan die hoër kant van die aanbevole reikwydte benodig.

Dosering in aanvalle wat met Lennox-Gastaut-sindroom geassosieer word: Die dosisse wat gebruik word vir aanvalle wat met Lennox-Gastaut-sindroom geassosieer word, stem ooreen met die doseringsriglyne wat hierbo vir volwassenes, asook kinders tussen die ouderdom van 2-12 jaar, beskryf is.

Kinders jonger as 2 jaar: Daar is onvoldoende inligting oor die gebruik van LAMICTIN in kinders jonger as twee jaar beskikbaar.

BIPOLÊRE SIEKTE:

As gevolg van die risiko van veluitslag, moet die aanvangsdosis en daaropvolgende dosisverhoging nie oorskry word nie (sien WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS).

LAMICTIN word aanbeveel vir gebruik in bipolêre pasiënte wat aan die risiko van 'n toekomstige depressiewe episode blootgestel is.

Die volgende oorgangsregimen behoort gevolg te word om herhaling van depressiewe episodes te verhoed. Die oorgangsregimen behels verhoging van die dosis LAMICTIN tot 'n stabilisering-onderhoudsdosis oor 6 weke (sien tabel hierna), waarna ander psigotropiese en/of anti-epileptiese geneesmiddels onttrek kan word, indien dit klinies aangedui word.

Aanvullende terapie moet oorweeg word vir die voorkoming van maniese episodes, omdat doeltreffendheid van LAMICTIN in manie nog nie oortuigend bevestig is nie.

Aanbevole dosisverhoging na die totale daaglikse stabilisering-onderhoudsdosis vir volwassenes (ouer as 18 jaar) wat vir BIPOLÊRE SIEKTE behandel word:

Behandelings-regimen	**Weke 1 - 2**	**Weke 3 - 4**	**Week 5**	**Teiken Stabiliserings-dosis (Week 6)****
a) Aanvullende terapie met ensieminhibeerders, bv. valproaat	12,5 mg (wat as 25 mg op alternatiewe dae gegee word)	25 mg (een keer per dag)	50 mg (een keer per dag of twee verdeelde dosisse)	100 mg (een keer per dag of twee verdeelde dosisse) (maksimum daaglikse dosis van 200 mg)
b) Aanvullende terapie met ensieminduseerders, bv. karbamasepien en fenobarbitoon in pasiënte wat NIE valproaat neem NIE	50 mg (een keer per dag)	100 mg (twee verdeelde dosisse)	200 mg (twee verdeelde dosisse)	300 mg in week 6, wat tot 400 mg/dag indien nodig in week 7 verhoog word (twee verdeelde dosisse)
c) Aanvullende terapie met geneesmiddels wat geen bekende kliniese farmakokinetiese interaksie met lamotrigien het nie, bv. litium, bupropioon OF monoterapie met lamotrigien	25 mg (een keer per dag)	50 mg (een keer per dag of twee verdeelde dosisse)	100 mg (een keer per dag of twee verdeelde dosisse)	200 mg (reikwydte 100-400 mg) (een keer per dag of twee verdeelde dosisse)

LET WEL: By pasiënte wat AEGs neem waar die farmakokinetiese interaksie met LAMICTIN teenswoordig nie bekend is nie, moet die dosisverhoging soos aanbeveel vir LAMICTIN met gelyktydige valproaat, gebruik word.
** Die teiken stabiliseringsdosis sal verander afhangende van die kliniese respons.

a) **Aanvullende terapie met ensieminhibeerders, bv. valproaat:** By pasiënte wat gelyktydig ensiem-inhiberende geneesmiddels soos valproaat neem, is die aanvanklike dosis LAMICTIN 25 mg op alternatiewe dae vir 2 weke, gevolg deur 25 mg een keer per dag vir 2 weke. Die dosis behoort na 50 mg een keer per dag (of in twee verdeelde dosisse) in week 5 verhoog te word. Die gebruiklike teikendosis om optimale respons te bereik is 100 mg/dag wat een keer per dag of in twee verdeelde dosisse gegee word. Die dosis kan egter tot ’n maksimum daaglikse dosis van 200 mg, afhangende van kliniese respons, verhoog word.

b) Aanvullende terapie met ensieminduseerders, bv. karbamasepien en fenobarbitoon in pasiënte wat NIE valproaat neem NIE: In pasiënte wat ensiem-induserende geneesmiddels soos karbamasepien of fenobarbitoon neem en NIE valproaat neem NIE, is die aanvanklike dosis LAMICTIN 50 mg een keer per dag vir 2 weke, gevolg deur 100 mg/dag wat in twee verdeelde dosisse vir 2 weke gegee word. Die dosis behoort na 200 mg/dag, wat as twee verdeelde dosisse gegee word, in week 5 verhoog te word. Die dosis kan in week 6 tot 300 mg/dag verhoog word, maar die gebruiklike teikendosis om optimale respons te bereik is 400 mg/dag wat in twee verdeelde dosisse vanaf week 7 gegee kan word.

c) Aanvullende terapie met geneesmiddels wat geen kliniese farmakokinetiese interaksie met lamotrigien het nie, bv. litium, bupropioon, OF monoterapie met LAMICTIN: Die aanvanklike dosis LAMICTIN in pasiënte wat geneesmiddels met geen bekende/teoretiese farmakokinetiese interaksie saam met lamotrigien neem, of in monoterapie, is 25 mg een keer per dag vir 2 weke, gevolg deur 50 mg een keer per dag (of in twee verdeelde dosisse) vir 2 weke. Die dosis behoort na 100 mg/dag in week 5 verhoog te word. Die gebruiklike teikendosis om optimale respons te bereik is

200 mg/dag wat een keer per dag of as twee verdeelde dosisse gegee word. ’n Reikwydte van 100-400 mg is egter in kliniese studies gebruik.

Sodra die teiken daaglikse stabilisering-onderhoudsdosis bereik is, kan ander psigotropiese medikasies onttrek word soos in die doseringskedule hierna verduidelik (sien onderstaande tabel).

Totale daaglikse stabilisering-onderhoudsdosis in BIPOLÊRE SIEKTE na onttrekking van gelyktydige psigotropiese of anti-epileptiese geneesmiddels:

Behandelings-regimen	Week 1	Week 2	Week 3 en daarna*
a) Na onttrekking van ensiem-inhibeerders, bv. valproaat	Verdubbel die stabiliseringsdosis, maar moenie 100 mg/week oorskry nie d.i. die 100 mg/dag teiken stabiliserings-dosis sal in week 1 na 200 mg/dag verhoog word	Onderhou hierdie dosis (200 mg/dag) (twee verdeelde dosisse)	
b) Na onttrekking van ensieminduseerders, bv. karbamasepien, afhangende van die oorspronklike dosis	400 mg	300 mg	200 mg
	300 mg	225 mg	150 mg
	200 mg	150 mg	100 mg
c) Na onttrekking van ander psigotropiese of AEG geneesmiddels met geen bekende kliniese farmakokinetiese interaksie met lamotrigien, bv. litium, bupropioon	Onderhou teikendosis wat met dosisverhoging bereik is (200 mg/dag) (twee verdeelde dosisse) (reikwydte 100-400 mg)		
LET WEL: By pasiënte wat AEGs neem waar die farmakokinetiese interaksie met LAMICTIN teenswoordig nie bekend is nie, moet die dosisverhoging soos aanbeveel vir LAMICTIN met gelyktydige valproaat, gebruik word.			
* Die dosis kan indien nodig tot 400 mg/dag verhoog word.			

a) **Na onttrekking van aanvullende terapie met ensiem-inhibeerders, bv. valproaat:**

Die dosis van LAMICTIN behoort tot dubbel die oorspronklike teiken stabiliseringsdosis verhoog te word en dan op hierdie vlak onderhou word, nadat valproaat gestaak is.

b) **Na onttrekking van aanvullende terapie met ensiem-induseerders, bv. karbamasepien afhangende van die oorspronklike onderhoudsdosis**: Die dosis van LAMICTIN behoort geleidelik verminder te word oor 3 weke soos die ensiem-induseerder onttrek word.

c) **Na onttrekking van aanvullende terapie met ander psigotropiese of anti-epileptiese geneesmiddels met geen bekende kliniese farmakokinetiese interaksie met lamotrigien, bv. litium, bupropioon:** Die teikendosis wat in die dosisverhogingsprogram bereik is, behoort dwarsdeur die onttrekking van die ander medikasie onderhou te word.

Aanpassing van daaglikse LAMICTIN-dosering in pasiënte met BIPOLÊRE SIEKTE na byvoeging van ander medikasies:

Daar is geen kliniese ondervinding met die aanpassing van die daaglikse LAMICTIN-dosis na die byvoeging van ander medikasies nie. Die volgende aanbevelings gegrond op geneesmiddelinteraksiestudies, kan egter gemaak word (sien hierna).

Aanpassing van daaglikse LAMICTIN dosering in pasiënte met BIPOLÊRE SIEKTE na byvoeging van ander medikasies:

<table>
<tr><th>Behandelings-regimen</th><th>Huidige lamotrigien stabiliserings-dosis (mg/dag)</th><th>Week 1</th><th>Week 2</th><th>Week 3 en daarna</th></tr>
<tr><td rowspan="3">a) Byvoeging van ensieminhibeerders, bv. valproaat, afhangende van die oorspronklike dosis van LAMICTIN</td><td>200 mg</td><td>100 mg</td><td colspan="2">Onderhou hierdie dosis (100 mg/dag)</td></tr>
<tr><td>300 mg</td><td>150 mg</td><td colspan="2">Onderhou hierdie dosis (150 mg/dag)</td></tr>
<tr><td>400 mg</td><td>200 mg</td><td colspan="2">Onderhou hierdie dosis (200 mg/dag)</td></tr>
<tr><td rowspan="3">b) Byvoeging van ensieminduseerders, bv. karbamasepien in pasiënte wat NIE valproaat neem NIE en afhangende van die oorspronklike dosis van LAMICTIN</td><td>200 mg</td><td>200 mg</td><td>300 mg</td><td>400 mg</td></tr>
<tr><td>150 mg</td><td>150 mg</td><td>225 mg</td><td>300 mg</td></tr>
<tr><td>100 mg</td><td>100 mg</td><td>150 mg</td><td>200 mg</td></tr>
<tr><td>c) Byvoeging van ander psigotropiese of AEG geneesmiddels met geen bekende kliniese farmakokinetiese interaksie met lamotrigien, bv. litium, bupropioon</td><td colspan="4">Onderhou teikendosis wat met dosisverhoging bereik is (200 mg/dag) (reikwydte 100-400 mg)</td></tr>
<tr><td colspan="5">LET WEL: By pasiënte wat AEGs neem waar die farmakokinetiese interaksie met LAMICTIN teenswoordig nie bekend is nie, moet die dosisverhoging soos aanbeveel vir LAMICTIN met gelyktydige valproaat, gebruik word.</td></tr>
</table>

Staking van LAMICTIN in pasiënte met bipolêre siekte: Geen toename in die voorkoms, erns of soort nadelige ondervindings na skielike staking van LAMICTIN vergeleke met plasebo, het in kliniese studies voorgekom nie. Pasiënte mag dus LAMICTIN sonder ’n trapsgewyse vermindering van dosis staak.

Kinders (jonger as 18 jaar): Die veiligheid en doeltreffendheid van LAMICTIN in bipolêre siekte is nie in hierdie ouderdomsgroep geëvalueer nie. ’n Dosisaanbeveling kan dus nie gemaak word nie.

Algemene Doseringsaanbevelings vir LAMICTIN in Spesiale Pasiëntbevolkings:

Vrouens wat hormonale voorbehoedmiddels neem:

(a) ***Instelling van LAMICTIN in pasiënte wat alreeds hormonale voorbehoedmiddels neem:*** Alhoewel daar aangedui kon word dat ’n mondelikse voorbehoedmiddel die opruiming van lamotrigien verhoog het (sien WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS en INTERAKSIES), behoort geen aanpassings van die aanbevole dosisverhogingsriglyne vir LAMICTIN alleenlik gegrond op die gebruik van hormonale voorbehoedmiddels nodig te wees nie. Dosisverhoging behoort die aanbevole riglyne te volg, wat gegrond is op die feit of LAMICTIN by ’n inhibeerder van lamotrigienglukuronidasie, bv. valproaat, bygevoeg word; of dat LAMICTIN by ’n induseerder van lamotrigienglukuronidasie bygevoeg word, bv. karbamasepien, fenitoïen, fenobarbital, primidoon of rifampisien; of dat LAMICTIN in die afwesigheid van valproaat, karbamasepien, fenitoïen, fenobarbital, primidoon of rifampisien, bygevoeg word (sien Tabel 1).

(b) **Instelling van hormonale voorbehoedmiddels in pasiënte wat alreeds onderhoudsdosisse van LAMICTIN neem en NIE induseerders van lamotrigienglukuronidasie neem NIE**: Dit mag nodig wees om die onderhoudsdosis van LAMICTIN tot tweevoudig te verhoog volgens die individuele kliniese respons (sien WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS & INTERAKSIES).

(c) **Staking van hormonale voorbehoedmiddels in pasiënte wat alreeds onderhoudsdosisse van LAMICTIN neem en NIE induseerders van lamotrigienglukuronidasie neem NIE:** Dit mag nodig wees om die onderhoudsdosis van LAMICTIN tot so veel as 50 % te verlaag volgens die individuele kliniese respons

(sien WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS & INTERAKSIES).

Bejaardes (ouer as 65 jaar): Geen dosisaanpassing met betrekking tot die aanbevole skedule word benodig nie. Die farmakokinetika van lamotrigien in hierdie ouderdomsgroep verskil nie beduidend van die nie-bejaarde volwasse bevolking nie.

Lewerinkorting: Aanvanklike, verhogings- en onderhoudsdosisse moet gewoonlik met ongeveer 50 % verlaag word in pasiënte met matige (Child-Pugh graad B), en met 75 % in ernstige (Child-Pugh graad C) lewerinkorting. Verhogings- en onderhoudsdosisse moet volgens kliniese respons aangepas word.

Nierinkorting: Omsigtigheid moet uitgeoefen word wanneer LAMICTIN aan pasiënte met nierversaking toegedien word. Vir pasiënte met endstadium nierversaking moet die aanvanklike dosisse van LAMICTIN op die pasiënte se AEG-regimen gebaseer word; verminderde onderhoudsdosisse moet vir pasiënte met beduidende renale funksionele inkorting gebruik word.

NEWE-EFFEKTE:

Gegrond op die data wat tans beskikbaar is, is die ongewenste effekte in epilepsie- en bipolêr-spesifieke afdelings verdeel. Beide afdelings behoort egter geraadpleeg te word wanneer die algehele veiligheidsprofiel van LAMICTIN oorweeg word. Die volgende konvensie is vir die klassifisering van ongewenste effekte gebruik: Baie algemeen (≥1/10), algemeen (≥ 1/100, < 1/10), ongewoon (≥ 1/1 000, < 1/100), seldsaam (≥ 1/10 000, < 1/1 000), baie seldsaam (< 1/10 000).

Epilepsie:

Versteurings van die vel en onderhuidse weefsels:

Tydens kliniese monoterapie-studies:

Baie algemeen: veluitslag

Tydens ander kliniese ondervinding:

Baie algemeen: veluitslag

Seldsaam: Stevens-Johnson-sindroom

Baie seldsaam: toksiese epidermale nekrolise

In dubbel-blind, byvoeging kliniese studies, het veluitslae voorgekom in so veel as 10 % van pasiënte wat LAMICTIN geneem het en in 5 % van pasiënte wat plasebo geneem het. Die veluitslae het tot onttrekking van LAMICTIN in 2 % van pasiënte gelei. Die veluitslag, gewoonlik makulopapulêr in voorkoms, begin meestal binne 8 weke na aanvang van behandeling en verdwyn met onttrekking van LAMICTIN (sien WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS).

Ernstige, potensieel lewensbedreigende veluitslae, insluitend angio-edeem, Stevens-Johnson-sindroom en toksiese epidermale nekrolise is aangemeld. Alhoewel die meerderheid na geneesmiddelonttrekking herstel, ondervind sommige pasiënte onomkeerbare letselvorming en seldsame gevalle van geassosieerde sterftes het voorgekom (sien WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS).

Dit wil voorkom dat die algehele risiko van veluitslag sterk geassosieer word met hoë aanvangsdosisse LAMICTIN en oorskryding van die aanbevole dosisverhoging van LAMICTIN-terapie (sien DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS).

Veluitslag is ook al aangemeld as deel van ’n hipersensitiwiteitsindroom geassosieer met ’n wisselende patroon van sistemiese simptome (sien WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS).

Versteurings van die bloed- en limfatiese sisteem:

Baie seldsaam: hematologiese abnormaliteite, insluitend anemie, neutropenie, leukopenie, trombositopenie, pansitopenie, aplastiese anemie, agranulositose

Hematologiese abnormaliteite mag of mag nie met ’n hipersensitiwiteitsindroom geassosieer word (sien WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS).

Versteurings van die immuunsisteem:

Baie seldsaam: hipersensitiwiteitsindroom* (insluitend sulke simptome soos koors, limfadenopatie, edeem van die gesig, abnormaliteite van die bloed en lewer, gedissemineerde intravaskulêre koagulasie, veelvoudige orgaanversaking)

* Veluitslag is ook al aangemeld as deel van ’n hipersensitiwiteitsindroom geassosieer met ’n wisselende patroon van sistemiese simptome insluitend koors, limfadenopatie, edeem van die gesig, en abnormaliteite van die bloed en lewer. Die sindroom toon ’n wye spektrum van kliniese erns en mag in seldsame gevalle lei tot gedissemineerde intravaskulêre koagulasie en veelvoudige orgaanversaking. Dit is belangrik om op te let dat die vroeë tekens van hipersensitiwiteit (bv. koors, limfadenopatie) teenwoordig mag wees selfs al is die veluitslag nie waarneembaar nie. Indien sulke tekens en simptome teenwoordig is, moet die pasiënt onmiddellik geëvalueer, en LAMICTIN onttrek word indien geen alternatiewe etiologie gevind kan word nie (sien WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS).

Psigiatriese versteurings:

Algemeen: prikkelbaarheid

Ongewoon: aggressie

Baie seldsaam: spiertrekking, hallusinasies, verwarring

Versteurings van die senusisteem:

Tydens kliniese monoterapie-studies:

Baie algemeen: hoofpyn

Algemeen: slaperigheid, slaaploosheid, duiseligheid, tremor, vertigo, parestesie

Ongewoon: ataksie

Tydens ander kliniese ondervinding:

Baie algemeen: hoofpyn, duiseligheid

Algemeen: nistagmus, tremor, ataksie, slaperigheid, slaaploosheid

Baie seldsaam: agitasie, wankelrigheid, verergering van Parkinson se siekte, ekstrapiramidale effekte, choreoatetose, toename in die frekwensie van konvulsies

Berigte is ontvang dat LAMICTIN simptome van Parkinsonisme in pasiënte met voorafbestaande Parkinson se siekte mag vererger en geïsoleerde berigte van ekstrapiramidale effekte en choreoatetose in pasiënte, sonder hierdie onderliggende toestand, is ook ontvang.

Oogversteurings:

Baie algemeen: diplopie, versteurde visie

Seldsaam: konjunktivitis

Gastroïntestinale versteurings:

Tydens kliniese monoterapie-studies:

Algemeen: naarheid

Tydens ander kliniese ondervinding:

Algemeen: gastroïntestinale versteuring (insluitend braking en diaree)

Hepatobiliêre versteurings:

Baie seldsaam: verhoogde lewerfunksietoetse, hepatiese disfunksie, hepatiese versaking

Hepatiese disfunksie kom gewoonlik in assosiasie met hipersensitiwiteitsreaksies voor, maar geïsoleerde gevalle is ook sonder duidelike tekens van hipersensitiwiteit aangemeld.

Muskuloskeletale en bindweefselversteurings:

Baie seldsaam: Lupus-agtige reaksies

Algemene versteurings en toestande by die toedieningsplek:

Algemeen: moegheid

Bipolêre Siekte:

Die onderstaande ongewenste effekte moet saam met dié wat in epilepsie waargeneem word, vir ’n algehele veiligheidsprofiel van LAMICTIN oorweeg word.

Versteurings van die vel en onderhuidse weefsels:

Tydens kliniese studies van bipolêre siekte:

Baie algemeen: veluitslag

Seldsaam: Stevens-Johnson-sindroom

Wanneer alle studies van bipolêre siekte (beheer en onbeheer) wat met LAMICTIN uitgevoer is oorweeg word, het veluitslae in 14 % van pasiënte op LAMICTIN voorgekom. In beheerde kliniese studies met bipolêre siekte pasiënte het veluitslae egter voorgekom in 9 % van pasiënte wat LAMICTIN, en in 8 % van pasiënte wat plasebo geneem het.

Versteurings van die senusisteem:

Tydens kliniese studies van bipolêre siekte:

Baie algemeen: hoofpyn

Algemeen: agitasie, slaperigheid, duiseligheid

Muskuloskeletale en bindweefselversteurings:

Tydens kliniese studies van bipolêre siekte:

Algemeen: artralgie

Algemene versteurings en toestande by die toedieningsplek:

Tydens kliniese studies van bipolêre siekte:

Algemeen: pyn, rugpyn

BEKENDE SIMPTOME VAN OORDOSERING EN BESONDERHEDE VAN DIE BEHANDELING DAARVAN:

Simptome en tekens: Akute inname van dosisse wat 10-20 keer hoër as die maksimum terapeutiese dosis was, is al gerapporteer. Oordosering het simptome insluitend nistagmus, ataksie, bewussyninkorting, en koma veroorsaak.

Behandeling: Indien oordosering sou voorkom, moet die pasiënt by ’n hospitaal opgeneem word en geskikte ondersteunende terapie ontvang. Indien toepaslik, moet maagspoeling toegepas word.

IDENTIFIKASIE:

LAMICTIN 25: Ligte gelerige-bruin, super-elliptiese tablet met meervoudige fasette, ongekeep, gemerk 'GSEC7' op een kant en '25' op die ander kant.

LAMICTIN 50: Ligte gelerige-bruin, super-elliptiese tablet met meervoudige fasette, ongekeep, gemerk 'GSEE1' op een kant en '50' op die ander kant.

LAMICTIN 100: Ligte gelerige-bruin, super-elliptiese tablet met meervoudige fasette, ongekeep, gemerk 'GSEE5' op een kant en '100' op die ander kant.

LAMICTIN 200: Ligte gelerige-bruin, super-elliptiese tablet met meervoudige fasette, ongekeep, gemerk 'GSEE7' op een kant en '200' op die ander kant.

LAMICTIN P2: Ondeursigtige, wit tot naaswit ronde tablette met ’n braambessie-geur. Een kant is afgeplat en gegraveer met LTG bokant die getal 2. Die ander kant is gegraveer met twee oorvleuelde super-ellipse wat reghoekig ten opsigte van mekaar geplaas is.

LAMICTIN P5: Wit tot naaswit met ’n braambessie-geur. Langwerpige, bikonvekse tablette, mag gekeep wees. Gemerk 'GS CL2' op die een kant en '5' op die ander kant. Die tablette mag effens gestippeld wees.

LAMICTIN P25: Wit tot naaswit met ’n braambessie-geur. Meervoudige fasette, super-ellipties, ongekeep. Gemerk 'GSCL5' op die een kant en '25' op die ander kant. Die tablette mag effens gestippeld wees.

LAMICTIN P50: Wit tot naaswit met ’n braambessie-geur. Meervoudige fasette, super-ellipties, ongekeep. Gemerk 'GSCX7' op een kant en '50' op die ander kant. Die tablette mag effens gestippeld wees.

LAMICTIN P100: Wit tot naaswit met ’n braambessie-geur. Meervoudige fasette, super-ellipties, ongekeep. Gemerk 'GSCL7' op een kant en '100' op die ander kant. Die tablette mag effens gestippeld wees.

LAMICTIN P200: Wit tot naaswit met ’n braambessie-geur. Meervoudige fasette, super-ellipties, ongekeep. Gemerk 'GSEC5' op een kant en '200' op die ander kant. Die tablette mag effens gestippeld wees.

AANBIEDING:

LAMICTIN 25: Stolpverpakking van 60 tablette.

LAMICTIN 50: Stolpverpakking van 60 tablette.

LAMICTIN 100:Stolpverpakking van 60 tablette.

LAMICTIN 200:Stolpverpakking van 60 tablette.

LAMICTIN P2: Wit plastiekbottel, met ’n peutervrye seël wat 30 tablette bevat.

LAMICTIN P5: Amber glasbottel wat 100 tablette bevat.

LAMICTIN P25: Amber glasbottel wat 60 tablette bevat.

LAMICTIN P50: Amber glasbottel wat 60 tablette bevat.

LAMICTIN P100: Amber glasbottel wat 60 tablette bevat.

LAMICTIN P200: Amber glasbottel wat 60 tablette bevat.

BERGINGSAANWYSINGS:

LAMICTIN Tablette (nie-dispergeerbaar):

Bewaar benede 30 ºC.

Hou droog.

Hou buite bereik van kinders.

LAMICTIN Dispergeerbare Tablette:

Beskerm teen lig.

Bewaar benede 30 ºC.

Hou droog.

Hou buite bereik van kinders.

REGISTRASIENOMMER:

LAMICTIN 25: Z/2.5/280

LAMICTIN 50: Z/2.5/281

LAMICTIN 100: Z/2.5/282

LAMICTIN 200: 29/2.5/0472

LAMICTIN P2: 36/2.5/0407

LAMICTIN P5: 29/2.5/0303

LAMICTIN P25: 29/2.5/0304

LAMICTIN P50: 32/2.5/0459

LAMICTIN P100: 29/2.5/0305

LAMICTIN P200: 32/2.5/0460

NAAM EN BESIGHEIDSADRES VAN DIE HOUER VAN DIE REGISTRASIESERTIFIKAAT:

GlaxoSmithKline South Africa (Edms) Bpk

Hawkinslaan 39

Epping Industrie 1, 7460

DATUM VAN PUBLIKASIE VAN DIE VOUBILJET:

10 Augustus 2007